Hoërskool Vereeniging
Beheerliggaam

Tel: 016-421-3647; 016-421-3280; 016-422-1638 Faks: 016-421-3648; 086 693 7210
Posbus 87, De Villierslaan, VEREENIGING 1930
www.hsvereeniging.co.za

19 Augustus 2010

Inligting aan ouers

Ons, as beheerliggaam van Hoërskool Vereeniging, wil in die eerste plek ons afkeur uitspreek teenoor die optrede van die stakers op Maandag 16 Augustus by ons skool. Ons wil ons dank uitspreek teenoor Mnr Beeslaar en sy personeel vir die uiters professionele optrede wat ons kinders en onderwysers se veiligheid verseker het.

'n Spesiale pluimpie aan al die leerders wat uitgewys het waarom hulle deel van die Rainbows is, met puik gedissiplineerde gedrag tydens die probleem situasie. Ons is werklik baie trots op julle!

Die besluite wat geneem moes word was nie maklik nie. Ons kon maklik emosioneel reageer, maar dit sou beslis die verkeerde besluite wees. Ons het Maandag reeds 'n klag by die polisie gelê. Ons grond ons besluite op betroubare inligting wat ons bekom. Die veiligheid van ons leerders en onderwysers is en bly vir ons eerste prioriteit.

Ons het egter nie stil gesit nie. Die matrieks se intervensie program het vanoggend reeds begin met die oog op die rekord eksamen wat voorlê. Ons het hulle in gewone klere na die skool laat kom en per bus na 'n lokaal geneem waar hulle veilig en ongestoord kon werk. Byna 90% van hulle was teenwoordig. Ouers moet asseblief verstaan dat ons nie wil uitblaker waarheen ons hulle neem nie, sodat ons nie op die manier per ongeluk in hulle gevaar stel nie. Ons kan u waarborg dat hulle almal BAIE hard gewerk het!

Ons het intussen ook met die kantoor van Me Angie Motshekga, die Minister van Basiese Onderwys, geskakel en persoonlik met haar woordvoerder gepraat. Ons het die saak gestel en 'n baie simpatieke oor gekry. Ons het versoek dat voldoende beskerming aan die skool verleen moet word sodat onderrig normaal kan voortgaan. Ons het self ook addisionele

OUERLEDE: VOORSITTER: JP vd Walt ONDERVOORSITTER: B Serfontein SEKRETARIS: G Coetzee , M Botha, T Greef, A Mans, E Muller, B Venter, S Wiese PERSONEELLEDE: F Beeslaar, J Olivier, P Goss, M Malan, J Mabasa

veiligheidsmaatreëls in plek gesit en met die plaaslike polisie gekontak vir beter sigbare polisiëring.

Ons het ook die advies van Mnr Paul Colditz, hoofbestuurder van FEDSAS, die vereniging van ouerbeheerliggame, ingewin.

Met dit alles in plek kan ons eerskomende Maandag in volle swang voortgaan met onderrig aan alle grade. Ons het ook ‘n plan B, indien nodig, maar Maandag sal daar beslis skool wees!

Ons dank u vir u begrip. En wees verseker dat ons ten alle tye die belange van ons leerders, onderwysers en skool eerste stel.

Rainbow-groete

JP van der Walt

Voorsitter

Bouwer Serfontein

Ondervoorsitter